**HARTENBOS VAKANSIEDORP
HUISEIENAARSVERENIGING**

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 24
GEHOU OP 27 DESEMBER 2019 OM 10:00 BY DIE SKOFFELSKUUR, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**

53 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

Die vergadering word deur Dr. Fanie Snyman met skriflesing en gebed geopen.

3. KONSTITUERING

Die vergadering is behoorlik gekonstitueer volgens die konstitusie. ‘n Kworum is teenwoordig.

4. VERWELKOMING

Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 24ste Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

5. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 23 GEHOU OP 28 DESEMBER 2018

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

6 VASSTEL VAN SAKELYS

Lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en aangesien geen voorstelle vir bespreking ontvang is nie, word die sakelys vasgestel soos aan u voorgelê.

7. VOORSITTER SE VERSLAG

7.1 Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 24ste Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

7.2 Soos gebruik gee ons besondere aandag aan diegene wat ons deur die jaar ontval het. Ek wil vra dat almal, as blyk van eerbied, sal opstaan oor diegene wat ons ontval het hierdie jaar.

7.3 Liewe vriende, ek kan vandag, sonder vrees vir teenspraak sê dat ons saam met ATKV en ‘n Mosselbaai Munispaliteit, waar ‘alles werk’, voorwaar ‘n kosbare kleinnood hier besit. Met die aksies rondom die Hartenbos Rivier, (meer hieroor later), het die Munisipaliteit vanjaar uit sy pad gegaan om ons as belastingbetalers te dien.

7.4 My opregte dank en waardering gaan eerstens aan die hele Bestuurspan wat vanjaar weer uitmuntende werk aan die Vereeniging gelewer het. Met 3 vergaderings die jaar het Bestuur laas Saterdagoggend ons 95ste Bestuursvergadering afgehandel. Ek dink Bestuur verdien ‘n handeklap vir hul harde werk die jaar.

7.5 SEKURITEIT

7.5.1 Ek glo dat ons seker die beste Sekuriteitsdiens in die hele SA hier het. Hulle ken u almal feitlik by die naam en kan dadelik agterkom as iets by u eiendom nie strook met die gewone nie. Ek wil lede spesiaal bedank vir u mooi omgang met sekuriteitsbeamptes. Kriminele vermy ons omdat hulle weet hier word hulle gevang. Om net paar gevalle te noem.:

7.5.2 Tydens die Junie-vakansie is ‘n blanke seun, wie se ouers in Terrein F gekamp het, in Karoodorp aangekeer met ‘n sak met 17 gesteelde horlosies uit muntmasjien buite Boeretroos se vetkoekstalletjie.

7.5.3 Inwoner in Monatokalaan, Strydomsoord, se beursie is in Julie deur Sekuriteit gevind met alles nog daarin en aan eienaar oorhandig. Sy nie eers geweet haar beursie was weg nie, maar het dit dadelik herken.

7.5.4 18 Augustus om 01:40 2 swart mans, (albei ou kriminele) gevang terwyl hulle ingebreek het en aan polisie oorhandig;

7.5.5 09 Nov. om 23:00 2 blanke verdagtes betrap terwyl hulle besig was om in te breek by Paardekraal 104. Op bromponie probeer wegry maar albei gevang (ook kriminele rekord albei).

7.5.6 Gesofistikeerde kriminele wyk al meer uit na die platteland en gebruik openbare geleenthede soos die straatmyl, touchies, ens. om ons gebied ongesiens te betree. Nuutste is dat hulle ‘n klein gaatjie by vensters maak en knippe dan oopmaak. Garagedeure en vensters wat oopstaan is ope uitnodigings en sagte teikens, wees veral paraat as daar ‘n bouery naby aan die gang is.

7.5.7 Beheerkamer se nr: 044-691 2604. Hulle reageer dadelik. Plaas dit asb. sommer nou op u selfone. Bestuur beveel aan dat daar weer ‘n klein aansporingsbonus aan sekuriteitsbeamptes oorhandig word asook ‘n bydrae aan die Gemeenskaps Veiligheidsforum (GVF). Hulle Buurtwagte patrolleer snags ook die groter Hartenbosgebied en hou kriminele verder weg van ons huise af. Veral met die 5 000 kriminele wat onlangs vrygelaat is, verwag ons ‘n opbloei van misdaad, maar ons is gereed vir hulle!!!!!

7.5.8 Louis Du Plooy, hoof van sekuriteit, is hier as u aan die einde van my verslag, vrae aan hom wil stel.

7.6 ATKV ONTWIKKELING STRANDFRONT

7.6.1 Voortdurende uitstel van die bou van die pad langs Dalmanuthalaan het Bestuur ernstig met die Ontwikkelingsmaatskappy opgeneem. ‘n Vergadering hieroor is Maandag met Schalk Cilliers van Hoofkantoor gehou. ‘n Groot dankie aan Anton Swanepoel (Mosegalaan) en Sampie Keevie (Dalmanutha) wat ingesit het en waardevolle bydraes gelewer het. Die volgende is bereik:

7.6.2 Schalk sal persoonlik toesien dat die verbindingspad by Februarie se Direksievergadering gefinaliseer word;

7.6.3 Ons voorstel is aanvaar dat die swak teer by Mosegalaan deur ons vervang mag word met gras. Mosegalaan as 'straat' word dus vervang met 'n oorrybare grasoppervlakte wat toegang gee vir die aanliggende inwoners en ook meer speelplek vir kinders bied. ATKV, aan wie Mosegalaan behoort, het ingestem tot die uiteindelike sluiting van die deurgang vir motors, maar wil dit eers met munisipaliteit kommunikeer siende dat ATKV deur lg. valslik beskuldig word dat hulle toegang tot die see blokkeer;

7.6.4 Verder het Schalk ook onderneem om die seefrontkant by SPUR asook die Walvissaal op te gradeer vir die 90-jarige viering van die bestaan van die ATKV in Augustus;

7.6.5 Schalk vra ook dat ATKV geken word en dat lede nie goedsmoeds boulyne oorskry nie.

7.6.6 Bestuur vra u geduld met hierdie aksies asb.

7.6.7 Die 'hoogtebeperkingspyp', wat slegs motors deurlaat, by Dalmanuthalaan wat beskadig is deur 'n swaar vragmotor, is vervang met een vol beton. Voortaan sal vragmotors wat wederregtelik ons paaie stukkend ry, gewis die slegste daarvan afkom. 'n Spoedwal is ook daar aangebring.

7.6.8 Morné, ons Oordbestuurder, het ingewillig om ons, aan die einde van my verslag, weer kortliks te kom inlig. Dankie Morné.

7.7 TOEMAAK D.M.V. HEKKE

Die bemande toemaak van die 'boom' wat toegang gee tot Strydomsoord snags, tussen 22:00 en 06:00 soggens, werk goed. Dieselfde geld vanjaar ook vir Mooinooientjiestraat by die rondawels. U moet vra vir meer toegangsplakkers by Schalk indien u meer as 3 voertuie per huis het. Op Oujaarsdag word die hekke reeds om 19:00 (07:00nm) gesluit. Noodvoertuie word natuurlik toegelaat. Vriende sonder plakkers sal eers moet bel dat sekuriteit tevrede is dat u daar hoort. ATKV sal ook die hekke in Paardekraal beman op dieselfde tye.

7.8 STRATE

7.8.1 Die hek aan die bopunt van Port Natalweg word nou permanent gesluit om busse en taxi's uit te hou. Spoedhobbels sowel as die chevrons is geverf, en nuwe straatnaamborde is aangebring.

7.8.2 Die stormafvoerpyp by Radynstraat is vervang met 'n oop sloot wat nie kan verstop nie en die afloopwater uit Karoodorp en die amfi vinniger kan wegvoer rivier toe.

7.9 AKTIWITEITE IN AMFI-TEATER

7.9.1 Die amfi bly steeds die HART van Hartenbos. Watter pragtige gesig was dit nie Kersoggend toe 'n geskatte 12 000 + kerkgangers die amfi volgepak het nie.

7.9.2 Klankjoggies tydens byeenkomste op die amfi oorskry gereeld die Weskaapse Wet op Geraas-besoedeling. Die Permit hiervoor is in my besit. Die baie leemtes en foute daarop sal vroeg vlgnde jaar met Munisipaliteit opgeneem word. Verontrustend is dat konserte vanjaar toegelaat word om aan te hou tot eenuur snags wat selfs oorloop na Sondag toe. Dis totaal teen die ethos van Hartenbos. Klagtes kan by die 24-uur nr. 044 6065007 (vra vir Brandweer) aangemeld word.

7.9.3 Die Baffalo Rally (03-05 April 2020) word al op hul webblad geadverteer as synde weer op Hartenbos, hoewel die Mun. my verseker dat hulle nog geen toestemming hiervoor verleen het nie.

7.10 RIVIERFORUM

7.10.1 Video-verslag hieroor word gelewer.
7.10.2 Samewerking met Mun. en Dept. Omgewingsake, het heelwat verbeter waaroor ons dankbaar kan verslag doen. Mooi is om te sien hoe baie moeders met peuters nou die lagoon gebruik.
7.10.3 Die rivier is 5x meganies oopgegrawe dat die see kon inspoel en die watergehalte herstel. Muggies en muskiete is vanjaar heelwat minder. Bestuur beveel aan dat daar weer 'n R5 000 bydrae tot RF gemaak word. Dit word o.a. gebruik om vlermuisbokse langs die rivier op te rig sodat muskiete en muggies biologies bestry kan word.
7.10.4 Ek nooi almal uit, veral die wat belang het by die rivier, om agter te bly vir HRF se Jaarvergadering net na ons hier klaar is.

7.11 ALGEMENE INSTANDHOUDING – STADSRAAD

Bosse teenaan treinspoor oor hele lengte van Port Natalweg is verwyder om voorsiening te maak vir meer parkeerplekke daar. Verwydering van die kol fluitjiesriet oorkant die hotel wat jaarliks feitlik verdubbel en spoedig die hele rivier gaan toe groei, is op Mun. begroting geplaas vir 2020.

7.12 STRAATLIGTE

7.12.1 Ons ontmoeting met Mnr. Naidoo, Direkteur v Tegniese Dienste, was uiters suksesvol:
7.12.2 Eindelik het ons nou op skrif dat Munisipaliteit ons as Privaatdorp erken. Dis gewis 'n kosbare oorwinning vir ons. Al ons hekke op ons grond is dus nou wettig hoewel dit nie gesluit mag word nie sodat noodvoertuie steeds toegang mag kry;
7.12.3 Die kragkoste vir straatligte het Bestuur d.m.v. 'n PAIA-aansoek met die Regsafdeling van die Mun. opgeneem. Ons eis dat die 75 watt straatligte met reikwydte van slegs 20m vervang word met LED ligte van slegs 6 watt met dubbel die reikwydte. Dit sal ons kragrekening met meer as 60% verminder;
7.12.4 Kragvoorsiening gaan geleidelik oorgeskakel word na ondergrondse kabels (Hartslaan is reeds voltooi) maar die aansluitingskoste is vir die eienaar se rekening;
7.12.5 Niemand sal gedwing word om ondergrondse kragaansluitings te moet doen nie, gesien die koste daarvan, maar by alle nuwe aanbouiing geskied kragaansluitings reeds ondergronds tot by die naaste paal;
7.12.6 Waterpype tot by erfgrense bly steeds Mun. se verantwoordelikheid. Veral Karoodorp en mindere mate Strydomsoord met verouderde pype hou vir ons groot voordele in.

7.13 LAASTENS net 'n paar ander sake wat deurlopend op vergaderings aandag geniet het

7.13.1 Bou sonder planne. Ek wil lede graag gelukwens met die nougesette nakoming van bouregulasies en die pragtige opgradering van hul eiendomme. Min klagtes hieroor is ontvang. Teen Munisipale boetes, veral as u nie voldoen aan die streng asbesregulasies nie, (ek weet van een so 'n boete van R30 000) EN die

afbreek van onwettige bouery, kan Bestuur u ongelukkig nie verdedig teen die Bou-inspekteur nie. Vanjaar is 9 nuwe en 37 verbouings goedgekeur. Erina doen vir ons waardevolle werk. Sy verrig 'n uiters ondankbare taak met groot nougesetheid namens Bestuur. (Een plan het 48 bladsye beslaan);

7.13.2 Bou-deposito's. Talle bou-deposito's is nog nie opgevra nie. Daarom Bestuur se besluit dat diegene van voor Maart 2017 tyd sal kry om dit op te vra tot Maart vlgnde jr. Die res moet hul bou-deposito's opvra binne 'n jaar nadat die munisipaliteit die klaringsertifikaat uitgereik het anders sal dit oorgeplaas word na die Vereeniging se algemene fonds;

7.13.3 Vullisverwydering Bestuur reël weer op eie koste in die vakansieseisoen Vrydae 'n ekstra verwydering van vullis. Swart sakke is vir algemene huisvullis, groen sakke vir tuinvullis en blou sakke vir alle herwinbare materiaal;

7.13.4 Rondloperkatte. Moet asb nie katte voer en vensters snags ooplaat nie. Katte klim maklik in en vreet aan u 'oorskietkos'. Die 15 klein eendjies wat einde Nov uitgebroei het is binne net 3 dae gevang. Ook 2 kiewiet- en een dikkopkuiken is opgevreet deur rondloperkatte:

7.13.5 Tuindienste. Ons het vanjaar weer onkruiddoder laat spuit om duwweltjies te bestry. Enkele navrae/probleme van lede, is aan Theo deurgegee wat hy self met lede opgeneem het:

7.13.6 Die Munisipale Regulasies oor die aanhou van honde beteken in wese dat u hond slegs IN U HUIS OF AAN LEIBAND BUITE U HUIS MAG WEES, MET PAPIERSAKKIE OM GEMORS OP TE TEL. Honde mag glad nie op die strand los rondloop nie.

7.13.7 Volgens munisipale Regulasie word GEEN alkohol op strande toegelaat nie;

7.13.8 Ons damme is onder 50% en verhoogde watertariewe geld sedert 18 Desember. Bespaar asb water dat u nie 'n onaangename waterrekening einde Jan ontvang nie.

7.14 VIDEO OOR RIVIER FORUM SE WERKSAAMHEDE

7.15 BESPREKING

7.15.1 Die vraag word gevra of die rally's wat jaarliks op Hartenbos gehou word beheer word. Mornay sê dat hulle deurenteyd met die organiseerders praat om die orde te hou. Die teenwoordigheid van die mense is 'n groot ekonomiese aanwins vir die besighede.

7.15.2 Die wandellaan se netheid word onder die aandag van die ATKV gebring

7.15.3 Daar is 'n navraag rondom eenrigting verkeer in Strydomsoord. Die bestuur sal verder die haalbaarheid hiervan bespreek.

7.15.4 Lede versoek dat daar gekyk word na die plaas van wagte op die perseel waar gebou word. Koste is 'n beperkende faktor. Louis sal 'n voorstel aan bestuur deurgee.

7.15.5 Die deurgang na die see oor terrein F word bespreek. Daar is 'n reeling buite seisoen. Binne seisoen is dit die ATKV se standpunt dat hulle geriewe beskerm word ten bate van die kampeerders.

8 FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

8.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die

vereniging teken. Louis Brill Ouditeure word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

8.2 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

9. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die nominasies val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695
Fanie Snyman – 082 780 8039
Gallie van der Hoven – 082 493 0979

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

10. SLOTWOORD EN AFSLUITING

10.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal 'n aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2020 vir u 'n goeie jaar wees met baie voorspoed.

Dries du Toit (Voorsitter)

Die vergadering verdaag om 11:30

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN HARTENBOS OP HIERDIE 14DE DAG VAN MAART 2020**

A. S. du Toit

**VOORSITTER** **SEKRETARIS**